(d) deur tot subparagraaf (k) die volgende voorbehoudsbepaling by te voeg:

“: Met dien verstande dat hierdie paragraaf nie van toepassing is nie ten opsigte van ’n versekeringspolis wat betrekking het op ’n gebeurtenis wat voortspruit slegs uit en in die loop van indiensneming van die werknemer”.

(2) Paragraaf (a) van subartikel (1) word geag op 1 Julie 2008 in werking te getree het.

(3) Paragraaf (b) van subartikel (1) word geag op 1 Januarie 2011 in werking te getree het.

(4) Paragraaf (c) van subartikel (1) tree op 1 Januarie 2013 in werking.

(5) Paragraaf (d) van subartikel (1) tree op 1 Maart 2013 in werking en is van toepassing ten opsigte van betalings gemaak gedurende jare van aanslag wat op of na daardie datum begin.

Amendment of paragraph 7 of Seventh Schedule to Act 58 of 1962, as added by section 46 of Act 121 of 1984 and amended by section 30 of Act 96 of 1985, section 10 of Act 108 of 1986, Government Notice 956 of 11 May 1988, section 44 of Act 90 of 1988, Government Notice R.715 of 14 April 1989, section 25 of Act 70 of 1989, Government Notice R.764 of 29 March 1990, section 58 of Act 101 of 1990, section 50 of Act 129 of 1991, section 36 of Act 141 of 1992, section 32 of Act 21 of 1994, section 47 of Act 21 of 1995, section 50 of Act 28 of 1997, section 45 of Act 53 of 1999 and section 56 of Act 31 of 2005, section 91 of Act 7 of 2010 and section 103 of Act 24 of 2011

101. (1) Paragraph 7 of the Seventh Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

- (a) by the substitution in subparagraph (1)(b) for subitems (i) and (ii) of the following subitems:
 - “(i) is held by the employer under a lease (other than an ‘operating lease’ as defined in section 23A(1)); or
 - (ii) was held by the employer under a lease (other than an ‘operating lease’ as defined in section 23A(1)) and the ownership thereof was acquired by **[him]** the employer on the termination of the lease.”;
- (b) by the substitution in subparagraph (1) for paragraph (a) of the proviso of the following paragraph:
 - “(a) where an employee has been granted the right of use of such motor vehicle as contemplated in subparagraph (2) (other than a motor vehicle acquired under an operating lease as defined in section 23A(1)) and such vehicle, or the right of use thereof, was acquired by the employer not less than 12 months before the date on which the employee was granted such right of use, there shall be deducted from the amount determined under the foregoing provisions of this subparagraph a depreciation allowance calculated according to the reducing balance method at the rate of 15 per cent for each completed period of 12 months from the date on which the employer first obtained such vehicle or the right of use thereof to the date on which the said employee was first granted the right of use thereof; and”;
- (c) by the substitution in subparagraph (4) for items (a) and (b) of the following items:
 - “(a) as respects each such month~~],]~~
 - (i) be an amount equal to 3,5 per cent of the determined value of such motor vehicle: Provided that where the motor vehicle is the subject of a maintenance plan at the time the employer acquired the motor vehicle or the right of use thereof, that amount shall be reduced to an amount equal to 3,25 per cent of the determined value of the motor vehicle; or
 - (ii) where such vehicle is acquired by the employer under an ‘operating lease’ as defined in section 23A(1) concluded by parties transacting at arm’s length and that are not connected persons in relation to each other, be—
 - (aa) the actual cost to the employer incurred under that operating lease; and
 - (bb) the cost of fuel in respect of that vehicle; and
 - (b) as respects any such part of a month, be an amount which bears to the appropriate amount determined in accordance with item (a)(i) or (ii) for a month the same ratio as the number of days in such part of a month bears to the number of days in the month in which such part falls.”; and

Wysiging van paragraaf 7 van Sewende Bylae by Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 46 van Wet 121 van 1984 en gewysig deur artikel 30 van Wet 96 van 1985, artikel 10 van Wet 108 van 1986, Goewermentskennisgewing 956 van 11 Mei 1988, artikel 44 van Wet 90 van 1988, Goewermentskennisgewing R.715 van 14 April 1989, artikel 25 van Wet 70 van 1989, Goewermentskennisgewing R.764 van 29 Maart 1990, artikel 58 van Wet 101 van 1990, artikel 50 van Wet 129 van 1991, artikel 36 van Wet 141 van 1992, artikel 32 van Wet 21 van 1994, artikel 47 van Wet 21 van 1995, artikel 50 van Wet 28 van 1997, artikel 45 van Wet 53 van 1999 en artikel 56 van Wet 31 van 2005, artikel 91 van Wet 7 van 2010 en artikel 103 van Wet 24 van 2011

101. (1) Paragraaf 7 van die Sewende Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—

- (a) deur in subparagraaf (1)(b) subiteme (i) en (ii) deur die volgende subiteme te vervang:
- “(i) ingevolge ’n huurooreenkoms (buiten ’n bedryfshuur soos omskryf in artikel 23A(1)) deur die werkgewer gehou is; of
 - (ii) ingevolge ’n huurooreenkoms (buiten ’n bedryfshuur soos omskryf in artikel 23A(1)) deur die werkgewer gehou was en eiendomsreg daarvan na afloop van die huurooreenkoms deur [hom] die werkgewer verkry is;”;
- (b) deur in subparagraaf (1) paragraaf (a) van die voorbehoudsbepaling deur die volgende paragraaf te vervang:
- “(a) waar die reg aan ’n werknemer verleen is om bedoelde motorvoertuig te gebruik soos in subparagraaf (2) beoog (buiten ’n motorvoertuig verkry ingevolge ’n bedryfshuur soos omskryf in artikel 23A(1) en bedoelde voertuig, of die reg van gebruik daarvan, nie minder nie as 12 maande voor die datum waarop bedoelde reg aan die werknemer verleen is, deur die werkgewer verkry is, daarvan die bedrag wat ingevolge die voorafgaande bepalings van hierdie subparagraaf bepaal is, ’n waardeverminderingstoelae afgetrek word bereken volgens die verminderdesaldometode teen die koers van 15 persent vir elke volle tydperk van 12 maande vanaf die datum waarop die werkgewer vir die eerste maal bedoelde voertuig of die reg van gebruik daarvan verkry het tot die datum waarop die reg van gebruik daarvan vir die eerste maal aan genoemde werknemer verleen is; en”;
- (c) deur in subparagraaf (4) items (a) en (b) deur die volgende items te vervang:
- “(a) met betrekking tot elke bedoelde maand[,]—
- (i) ’n bedrag gelyk aan 3,5 persent van die vasgestelde waarde van bedoelde voertuig: Met dien verstande dat waar die motorvoertuig die onderwerp is van ’n onderhoudsplan op die tydstip dat die werkgewer die motorvoertuig of die reg van gebruik daarvan verkry het, daardie bedrag tot ’n bedrag gelyk aan 3,25 persent van die vasgestelde waarde van die motorvoertuig verminder word; of
 - (ii) waar sodanige voertuig verkry word deur die werkgewer ingevolge ’n ‘bedryfshuur’ soos omskryf in artikel 23A(1) aangegaan deur partye wat op uiterste voorwaardes beding en wat nie verbonde persone met betrekking tot mekaar is nie—
 - (aa) die werklike koste vir die werkgewer aangegaan ingevolge daardie bedryfshuur; en
 - (bb) die koste van brandstof ten opsigte van daardie voertuig; en
- (b) met betrekking tot enige bedoelde gedeelte van ’n maand, ’n bedrag wat in dieselfde verhouding tot die toepaslike bedrag vasgestel ooreenkomstig item (a)(i) of (ii) vir ’n maand staan as die verhouding waarin die aantal dae in bedoelde gedeelte van ’n maand tot die aantal dae in die maand waarin bedoelde gedeelte val, staan.”; en

- (d) by the substitution in subparagraph (8) for the words preceding item (a) of the following words:

“Where it is proved to the satisfaction of the Commissioner that accurate records of distances travelled for private purposes in such vehicle (other than a vehicle acquired as contemplated in subparagraph (4)(a)(ii)) are kept and the employee bears—”

- (2) Subsection (1) comes into operation on 1 March 2013 and applies in respect of years of assessment commencing on or after that date.

Amendment of paragraph 1 of Eighth Schedule to Act 58 of 1962, as amended by section 65 of Act 60 of 2001, section 63 of Act 74 of 2002, section 90 of Act 45 of 2003, section 25 of Act 16 of 2004, section 51 of Act 32 of 2004, section 63 of Act 31 of 2005 and section 49 of Act 3 of 2008

- 102.** (1) Paragraph 1 of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution for the definition of “**value shifting arrangement**” of the following definition:

“**‘value shifting arrangement’** means an arrangement by which a person retains an interest in a [**company,**] trust or partnership, but following a change in the rights or entitlements of the interests in that [**company,**] trust or partnership (other than as a result of a disposal at market value as determined before the application of paragraph 38), the market value of the interest of that person decreases and—
 (a) the value of the interest of a connected person in relation to that person held directly or indirectly in that [**company,**] trust or partnership increases; or
 (b) a connected person in relation to that person acquires a direct or indirect interest in that [**company,**] trust or partnership.”

- (2) Subsection (1) comes into operation on 1 January 2014 and applies in respect of disposals made on or after that date.

Amendment of paragraph 3 of Eighth Schedule to Act 58 of 1962, as inserted by section 38 of Act 5 of 2001 and amended by section 67 of Act 60 of 2001 and section 52 of Act 32 of 2004

- 103.** (1) Paragraph 3 of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution in subparagraph (b) for item (ii) of the following item:

“(ii) so much of the base cost of that asset that has been taken into account in determining the capital gain or capital loss in respect of that disposal as has been recovered or recouped during the current year of assessment, otherwise than by way of any reduction of any debt owed by that person, and which has not been taken into account in the redetermination of the capital gain or capital loss in terms of paragraph 25(2); or”

- (2) Subsection (1) comes into operation on 1 January 2013 and applies in respect of years of assessment commencing on or after that date.

Amendment of paragraph 8 of Eighth Schedule to Act 58 of 1962, as substituted by section 65 of Act 31 of 2005

- 104.** (1) Paragraph 8 of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

- (a) by the substitution for subparagraph (b) of the following subparagraph:

“(b) where paragraph 64B(3) becomes applicable during that year of assessment, the amount of the capital gain which was disregarded in terms of paragraph 64B(2) or (2A) during that year or any previous year, as contemplated in paragraph 64B(3).”; and

- (b) by the substitution for subparagraph (b) of the following paragraph:

“(b) where paragraph 64B(3) becomes applicable during that year of assessment, the amount of the capital gain which was disregarded in terms of paragraph 64B[(2)](1) or [(2A)](2) during that year or any previous year, as contemplated in paragraph 64B(3).”

- (d) deur in subparagraaf (8) die woorde wat item (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“Waar daar tot oortuiging van die Kommissaris bewys word dat akkurate aantekeninge gehou word van afstande wat vir private doeleindes in bedoelde voertuig gereis word (buiten ’n voertuig verkry soos beoog in subparagraaf (4)(a)(ii)) en die werknemer—”.

- (2) Subartikel (1) tree op 1 Maart 2013 in werking en is van toepassing ten opsigte van jare van aanslag wat op of na daardie datum begin.

Wysiging van paragraaf 1 van Agtste Bylae by Wet 58 van 1962, soos gewysig deur artikel 65 van Wet 60 van 2001, artikel 63 van Wet 74 van 2002, artikel 90 van Wet 45 van 2003, artikel 25 van Wet 16 van 2004, artikel 51 van Wet 32 van 2004, artikel 63 van Wet 31 van 2005 en artikel 49 van Wet 3 van 2008

102. (1) Paragraaf 1 van die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur die omskrywing van “**waardeverskuiwingsreëling**” deur die volgende omskrywing te vervang—

“**‘waardeverskuiwingsreëling’** ’n reëling waarvolgens ’n persoon ’n belang behou in ’n [**maatskappy,**] trust of vennootskap, maar wat na ’n verandering in die regte of aansprake van die belange van daardie [**maatskappy,**] trust of vennootskap (anders as gevolg van ’n beskikking teen markwaarde soos vasgestel voor die toepassing van paragraaf 38), die markwaarde van die belang van daardie persoon afneem en —

(a) die waarde van die belang van ’n verbonde persoon met betrekking tot daardie persoon direk of indirek gehou in daardie [**maatskappy,**] trust of vennootskap toeneem; of

(b) ’n verbonde persoon met betrekking tot daardie persoon ’n direkte of indirekte belang in daardie [**maatskappy,**] trust of vennootskap verkry;”.

- (2) Subartikel (1) tree op 1 Januarie 2014 in werking en is van toepassing ten opsigte van beskikkings op of na daardie datum gemaak.

Wysiging van paragraaf 3 van Agtste Bylae by Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 38 van Wet 5 van 2001 en gewysig deur artikel 67 van Wet 60 van 2001 en artikel 52 van Wet 32 van 2004

103. (1) Paragraaf 3 van die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur in subparagraaf (b) item (ii) deur die volgende item te vervang—

“(ii) soveel van die basiskoste van daardie bate wat in berekening gebring is by die vasstelling van die kapitaalwins of kapitaalverlies ten opsigte van daardie beskikking, as wat herwin of verhaal is gedurende die huidige jaar van aanslag, andersins as by wyse van enige vermindering van enige skuld verskuldig deur daardie persoon, en wat nie in berekening gebring is in die herberekening van die kapitaalwins of kapitaalverlies ingevolge paragraaf 25(2) nie; of”.

- (2) Subartikel (1) tree op 1 Januarie 2013 in werking en is van toepassing ten opsigte van jare van aanslag wat op of na daardie datum begin.

Wysiging van paragraaf 8 van Agtste Bylae by Wet 58 van 1962, soos vervang deur artikel 65 van Wet 31 van 2005

104. (1) Paragraaf 8 van die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—

(a) deur subparagraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) waar paragraaf 64B(3) gedurende daardie jaar van aanslag van toepassing word, die bedrag van die kapitaalwins wat kragtens paragraaf 64B(2) of (2A) gedurende daardie jaar of enige vorige jaar verontagsaam is, soos in paragraaf 64B(3) bedoel.”; en

(b) deur subparagraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) waar paragraaf 64B(3) gedurende daardie jaar van aanslag van toepassing word, die bedrag van die kapitaalwins wat kragtens paragraaf 64B[(2)](1) of [(2A)](2) gedurende daardie jaar of enige vorige jaar verontagsaam is, soos in paragraaf 64B(3) bedoel.”.

(2) Paragraph (a) of subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 January 2012 and applies in respect of disposals made on or after that date.

(3) Paragraph (b) of subsection (1) comes into operation on 1 January 2013 and applies in respect of disposals made on or after that date.

Amendment of paragraph 10 of Eighth Schedule to Act 58 of 1962, as amended by section 66 of Act 74 of 2002 and section 9 of Act 13 of 2012 5

105. (1) Paragraph 10 of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution for subparagraph (b) of the following subparagraph:

“(b) in the case of an insurer, in respect of its—
(i) individual policyholder fund, [25] 33,3 per cent; [and] 10
(ii) untaxed policyholder fund, 0 per cent; and
(iii) company policyholder fund, 66,6 per cent; or”.

(2) Subsection (1) is—

(a) in respect of deemed disposals made by virtue of section 29B of the Income Tax Act, 1962, deemed to have come into operation on 29 February 2012 and applies in respect of those disposals; and 15

(b) in respect of any disposals other than deemed disposals contemplated in paragraph (a), deemed to have come into operation on 1 March 2012 and applies in respect of those disposals that are made on or after that date.

Amendment of paragraph 11 of Eighth Schedule to Act 58 of 1962, as amended by section 71 of Act 60 of 2001, section 67 of Act 74 of 2002, section 92 of Act 45 of 2003, section 55 of Act 32 of 2004, section 66 of Act 31 of 2005, section 44 of Act 20 of 2006 and section 74 of Act 60 of 2008 20

106. (1) Paragraph 11 of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended— 25

(a) by the substitution in subparagraph (1) for item (g) of the following item:
“(g) the decrease in value of a person’s interest in a [company,] trust or partnership as a result of a value shifting arrangement.”;

(b) by the substitution in subparagraph (2) for item (b) of the following item:
“(b) by a company in respect of— 30
(i) the issue or cancellation of a share or member’s interest in the company[, or by a company in respect of]; or
(ii) the granting of an option to acquire a share[, or member’s interest in or [debenture in] certificate acknowledging or creating a debt owed by that company;”;

(c) by the substitution in subparagraph (2) for item (d) of the following item:
“(d) by a person in respect of the issue of any [bond, debenture, note or other borrowing of money or obtaining of credit from another] debt by or to that person;” 35

(2) Paragraph (a) of subsection (1) comes into operation on 1 January 2014 and applies in respect of disposals made on or after that date. 40

(3) Paragraphs (b) and (c) of subsection (1) come into operation on 1 January 2013.

Amendment of paragraph 12 of Eighth Schedule to Act 58 of 1962, as amended by section 72 of Act 60 of 2001, section 68 of Act 74 of 2002, section 93 of Act 45 of 2003, section 56 of Act 32 of 2004, section 67 of Act 31 of 2005, section 71 of Act 35 of 2007, section 50 of Act 3 of 2008, section 75 of Act 60 of 2008, section 94 of Act 7 of 2010 and section 108 of Act 24 of 2011 45

107. (1) Paragraph 12 of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

(a) by the substitution in subparagraph (2)(a) for the words preceding subitem (i) of the following words: 50

“a person that commences to be a resident or a [controlled foreign] person that is a company that commences or ceases to be a [resident]

(2) Paragraaf (a) van subartikel (1) word geag op 1 Januarie 2012 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van beskikkings op of na daardie datum gemaak.

(3) Paragraaf (b) van subartikel (1) tree op 1 Januarie 2013 in werking en is van toepassing ten opsigte van beskikkings op of na daardie datum gemaak.

Wysiging van paragraaf 10 van Agtste Bylae by Wet 58 van 1962, soos gewysig deur artikel 66 van Wet 74 van 2002 en artikel 9 van Wet 13 van 2012 5

105. (1) Paragraaf 10 van die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur subparagraaf (b) deur die volgende subparagraaf te vervang:

“(b) in die geval van ’n versekeraar, ten opsigte van—
(i) sy individuele polishouerfonds, [25] 33,3 persent; [en] 10
(ii) sy onbelaste polishouersfonds, 0 persent; en
(iii) sy maatskappypolishouerfonds, 66,6 persent; of”.

(2) Subartikel (1) word—

(a) ten opsigte van geagte beskikkings gemaak uit hoofde van artikel 29B van die Inkomstebelastingwet, 1962, geag op 29 Februarie 2012 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van daardie beskikkings; en 15

(b) ten opsigte van enige ander beskikkings as geagte beskikkings beoog in paragraaf (a) geag op 1 Maart 2012 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van daardie beskikkings wat op of na daardie datum gemaak word. 20

Wysiging van paragraaf 11 van Agtste Bylae by Wet 58 van 1962, soos gewysig deur artikel 71 van Wet 60 van 2001, artikel 67 van Wet 74 van 2002, artikel 92 van Wet 45 van 2003, artikel 55 van Wet 32 van 2004, artikel 66 van Wet 31 van 2005, artikel 44 van Wet 20 van 2006 en artikel 74 van Wet 60 van 2008

106. (1) Paragraaf 11 van die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig 25

(a) deur in subparagraaf (1) item (g) deur die volgende item te vervang:

“(g) die afdeling in waarde van ’n persoon se belang in ’n [maatskappy,] trust of vennootskap as gevolg van ’n waardeverskuiwingsreëling.”; en 30

(b) deur in subparagraaf (2) item (b) deur die volgende item te vervang:

“(b) deur ’n maatskappy ten opsigte van—
(i) die uitreiking of kansellering van ’n aandeel of ledebelang in die maatskappy [of deur ’n maatskappy ten opsigte van]; of 35
(ii) die verlening van ’n opsie om ’n aandeel[, of ledebelang in of [skuldbrief in] sertifikaat wat ’n skuld verskuldig deur daardie maatskappy erken of skeep, te verkry;”;

(c) deur in subparagraaf (2) item (d) deur die volgende item te vervang:

“(d) deur ’n persoon ten opsigte van die uitreiking van enige [verband, skuldbrief, nota of ander leen van geld of die verkryging van krediet van ’n ander] skuld deur of aan daardie persoon;”.

(2) Paragraaf (a) van subartikel (1) tree op 1 Januarie 2014 in werking en is van toepassing ten opsigte van beskikkings op of na daardie datum gemaak.

(3) Paragraaf (b) en (c) van subartikel (1) tree op 1 Januarie 2013 in werking. 45

Wysiging van paragraaf 12 van Agtste Bylae by Wet 58 van 1962, soos gewysig deur artikel 72 van Wet 60 van 2001, artikel 68 van Wet 74 van 2002, artikel 93 van Wet 45 van 2003, artikel 56 van Wet 32 van 2004, artikel 67 van Wet 31 van 2005, artikel 71 van Wet 35 van 2007, artikel 50 van Wet 3 van 2008, artikel 75 van Wet 60 van 2008, artikel 94 van Wet 7 van 2010 en artikel 108 van Wet 24 van 2011 50

107. (1) Paragraaf 12 van die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—

(a) deur in subparagraaf (2)(a) die woorde wat subitem (i) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“’n persoon wat begin om ’n inwoner te wees of ’n [beheerde 55
buitelandse] persoon wat ’n maatskappy is wat begin of ophou om ’n

controlled foreign company, in respect of all assets of that person other than—”;

(b) by the substitution in subparagraph (2) for item (a) of the following item:

“(a) a person—

(i) that commences to be a resident; 5

(ii) [or a person] that is a foreign company that commences [or ceases] to be a controlled foreign company; or

(iii) that is a controlled foreign company in relation to any resident that ceases to be a controlled foreign company as a result of becoming a resident, 10

in respect of all assets of that person other than—

[(i)](aa) assets in the Republic listed in paragraph 2(1)(b)(i) and (ii);

[(iv)](bb) any right to acquire any marketable security contemplated in section 8A;” and

(c) by the deletion of subparagraph (5). 15

(2) Paragraph (a) of subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 April 2012 and applies in respect of disposals made on or after that date.

(3) Paragraph (b) of subsection (1) is deemed to have come into operation on 8 May 2012 and applies in respect of disposals made on or after that date.

(4) Paragraph (c) of subsection (1) comes into operation on 1 January 2013 and applies in respect of years of assessment commencing on or after that date. 20

Insertion of paragraph 12A in Eighth Schedule to Act 58 of 1962

108. (1) The Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the insertion after paragraph 12 of the following paragraph:

“Reduction or cancellation of debt 25

12A. (1) For the purposes of this section—

‘allowance asset’ means a capital asset in respect of which a deduction or allowance is allowable in terms of this Act for purposes other than the determination of any capital gain or capital loss;

‘capital asset’ means an asset that is not trading stock; 30

‘debt’ does not include a tax debt as defined in section 1 of the Tax Administration Act;

‘reduction amount’, in relation to a debt owed by a person, means any amount by which that debt is reduced less any amount applied by that person as consideration for that reduction. 35

(2) Subject to subparagraph (6), this paragraph applies where a debt that is owed by a person is reduced by any amount and—

(a) the amount of that debt was used, directly or indirectly, to fund any expenditure—

(i) other than expenditure in respect of which a deduction or allowance was granted in terms of this Act; or 40

(ii) incurred in the acquisition, creation or improvement of an allowance asset; and

(b) the amount of that reduction exceeds any amount applied by that person as consideration for that reduction. 45

(3) Where—

(a) a debt owed by a person is reduced as contemplated in subparagraph (2); and

(b) the amount of that debt was used as contemplated in item (a) of that subparagraph to fund expenditure incurred in the acquisition, creation or improvement of an asset that is held by that person at the time of the reduction of the debt, 50

the amount of expenditure so incurred in respect of that asset must, for the purposes of paragraph 20, be reduced by the reduction amount in respect of that debt. 55

(4) Where—

[inwoner] beheerde buitelandse maatskappy te wees, ten opsigte van alle bates van daardie persoon behalwe—”;

(b) deur in subparagraaf (2) item (a) deur die volgende item te vervang:

“(a) ’n persoon—

(i) wat begin om ’n inwoner te wees; 5

(ii) [of ’n persoon] wat ’n buitelandse maatskappy is wat begin [of ophou] om ’n beheerde buitelandse maatskappy te wees; of

(iii) wat ’n beheerde buitelandse maatskappy is met betrekking tot enige inwoner wat ophou om ’n beheerde buitelandse maatskappy te wees as gevolg daarvan dat dit ’n inwoner word, 10

ten opsigte van alle bates van daardie persoon behalwe—

[(i)](aa) bates in die Republiek in paragraaf 2(1)(b)(i) en (ii) gelys;

[(iv)](bb) enige reg om ’n handelseffek in artikel 8A beoog, te verkry;”;

en

(c) deur subparagraaf (5) te skrap. 15

(2) Paragraaf (a) van subartikel (1) word geag op 1 April 2012 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van beskikkings op of na daardie datum gemaak.

(3) Paragraaf (b) van subartikel (1) word geag op 8 Mei 2012 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van beskikkings op of na daardie datum gemaak.

(4) Paragraaf (c) van subartikel (1) tree op 1 Januarie 2013 in werking en is van toepassing ten opsigte van jare van aanslag wat op of na daardie datum begin. 20

Invoeging van paragraaf 12A in Agtste Bylae by Wet 58 van 1962

108. (1) Die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur die volgende paragraaf na paragraaf 12 in te voeg:

“Vermindering of kansellasië van skuld 25

12A. (1) By die toepassing van hierdie artikel beteken—

‘afskryfbare bate’ ’n kapitaalbate ten opsigte waarvan ’n aftrekking of toelaag toelaatbaar is ingevolge hierdie Wet vir doeleindes buiten die bepaling van enige kapitaalwins of kapitaalverlies;

‘kapitaalbate’ ’n bate wat nie handelsvoorraad is nie; 30

‘skuld’ nie ook nie ’n belastingskuld soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Belastingadministrasie;

‘verminderingsbedrag’, met betrekking tot ’n skuld verskuldig deur ’n persoon, enige bedrag waarmee daardie skuld verminder word minus enige bedrag toegepas deur daardie persoon as vergoeding vir daardie vermindering. 35

(2) Behoudens subparagraaf (6) is hierdie paragraaf van toepassing waar ’n skuld wat verskuldig is deur ’n persoon verminder word deur enige bedrag en—

(a) die bedrag van daardie skuld regstreeks of onregstreeks gebruik is om enige uitgawes te befonds— 40

(i) buiten uitgawes ten opsigte waarvan ’n aftrekking of toelae ingevolge hierdie Wet toegestaan is; of

(ii) aangegaan in die verkryging, skepping of verbetering van ’n afskryfbare bate; en 45

(b) die bedrag van daardie vermindering enige bedrag toegepas deur daardie persoon as vergoeding vir daardie vermindering oorskry.

(3) Waar—

(a) ’n skuld verskuldig deur ’n persoon verminder word soos beoog in subparagraaf (2); en 50

(b) die bedrag van daardie skuld gebruik is soos beoog in item (a) van daardie subparagraaf om uitgawes aangegaan in die verkryging, skepping of verbetering van ’n bate wat gehou word deur daardie persoon op die tydstip van die vermindering van die skuld te befonds, word die bedrag van uitgawes aldus aangegaan ten opsigte van daardie bate by die toepassing van paragraaf 20 verminder deur die verminderingsbedrag ten opsigte van daardie skuld te verminder. 55

(4) Waar—

- (a) a debt owed by a person is reduced as contemplated in subparagraph (2); and
 - (b) the amount of that debt was used as contemplated in item (a) of that subparagraph to fund—
 - (i) expenditure incurred in the acquisition, creation or improvement of an asset (other than an allowance asset) that is held by that person at the time of the reduction of the debt, and subparagraph (3) has been applied to reduce any expenditure in respect of that asset to the full extent of that expenditure; or
 - (ii) expenditure incurred in the acquisition, creation or improvement of an asset (other than an allowance asset) that is no longer held by that person at the time of the reduction of that debt,
the reduction amount in respect of that debt, less any amount that has been applied to reduce any amount of expenditure as contemplated in subparagraph (3), must be applied to reduce any assessed capital loss of that person for the year of assessment in which the reduction takes place.
- (5) Where subparagraph (3) or (4) applies in respect of a debt that was used to fund expenditure incurred in respect of a pre-valuation date asset of a person, for the purposes of determining the date of acquisition of that asset and the expenditure incurred in respect of the cost of acquisition, creation or improvement of that asset, that person must be treated as having—
- (a) disposed of that asset at a time immediately before that debt is reduced as contemplated in subparagraph (3)(a) or (4)(a), as the case may be, for an amount equal to the market value of that asset at that time; and
 - (b) immediately reacquired that asset at that time at an expenditure equal to that market value—
 - (i) less any capital gain, and
 - (ii) increased by any capital loss,that would have been determined had the asset been disposed of at market value at that time,
which expenditure must be treated as an amount of expenditure actually incurred at that time for the purposes of paragraph 20(1)(a).
- (6) This paragraph must not apply to any debt owed by a person—
- (a) that is an heir or legatee of a deceased estate, to the extent that—
 - (i) the debt is owed to that deceased estate;
 - (ii) the debt is reduced by the deceased estate; and
 - (iii) the amount by which the debt is reduced by the deceased estate forms part of the property of the deceased estate for the purposes of the Estate Duty Act, 1955 (Act No. 45 of 1955);
 - (b) to the extent that the debt is reduced by way of—
 - (i) donation as defined in section 55(1); or
 - (ii) any transaction to which section 58 applies;
 - (c) to an employer of that person, to the extent that the debt is reduced in the circumstances contemplated in paragraph 2(h) of the Seventh Schedule;
 - (d) to another person where that person and that other person are companies that form part of the same group of companies as defined in section 41, unless, as part of any transaction, operation or scheme entered into to avoid any tax imposed by this Act—
 - (i) that debt (or any debt issued in substitution for that debt) was acquired directly or indirectly from a person who does not form part of that group of companies; or
 - (ii) that company or that other company became part of that group

- (a) 'n skuld verskuldig deur 'n persoon verminder word soos beoog in subparagraaf (2); en
- (b) die bedrag van daardie skuld gebruik is soos beoog in item (a) van daardie subparagraaf om—
- (i) uitgawes te befonds wat aangegaan is in die verkryging, skepping of verbetering van 'n bate (buiten 'n afskryfbare bate) wat gehou word deur daardie persoon op die tydstip van die vermindering van die skuld, en subparagraaf (3) is toegepas om enige uitgawes ten opsigte van daardie bate te verminder tot die volle bedrag van daardie uitgawes; of
 - (ii) uitgawes te befonds wat aangegaan is in die verkryging, skepping of verbetering van 'n bate (buiten 'n afskryfbare bate) wat nie meer deur daardie persoon gehou word nie op die tydstip van die vermindering van daardie skuld, word die verminderingsbedrag ten opsigte van daardie skuld, minus enige bedrag wat toegepas is om enige bedrag van uitgawes te verminder soos beoog in subparagraaf (3), toegepas om enige aangeslane kapitaalverlies van daardie persoon te verminder vir die jaar van aanslag waarin die vermindering plaasvind.
- (5) Waar subparagraaf (3) of (4) van toepassing is ten opsigte van 'n skuld wat gebruik is om uitgawes te befonds wat aangegaan is ten opsigte van 'n voor-waardasiedatumbate van 'n persoon met die doel om die datum van verkryging van daardie bate te bepaal en die uitgawes aangegaan ten opsigte van die koste van verkryging, skepping of verbetering van daardie bate, word daardie persoon behandel asof—
- (a) die persoon oor daardie bate beskik het op 'n tydstip onmiddellik voor daardie skuld verminder word soos beoog in subparagraaf (3)(a) of (4)(a), na gelang van die geval, vir 'n bedrag gelyk aan die markwaarde van daardie bate op daardie tydstip; en
 - (b) die persoon daardie bate onmiddellik herverkry het op daardie tydstip teen 'n uitgawe gelyk aan daardie markwaarde—
 - (i) minus enige kapitaalwins; en
 - (ii) vermeerder deur enige kapitaalverlies, wat bepaal sou gewees het indien oor die bate beskik is teen markwaarde op daardie tydstip,welke uitgawe behandel word as 'n bedrag van uitgawes werklik aangegaan op daardie tydstip by die toepassing van paragraaf 20(1)(a).
- (6) Hierdie paragraaf is nie van toepassing nie op enige skuld verskuldig deur 'n persoon—
- (a) wat 'n erfgenaam of legataris is van 'n bestorwe boedel, namate—
 - (i) die skuld aan daardie bestorwe boedel verskuldig is;
 - (ii) die skuld verminder word deur die bestorwe boedel; en
 - (iii) die bedrag waarmee die skuld verminder word deur die bestorwe boedel deel uitmaak van die eiendom van die bestorwe boedel by die toepassing van die Boedelbelastingwet, 1955 (Wet No. 45 van 1955);
 - (b) namate die skuld verminder word by wyse van—
 - (i) skenking soos omskryf in artikel 55(1); of
 - (ii) enige transaksie waarop artikel 58 van toepassing is;
 - (c) aan 'n werkgewer van daardie persoon, namate die skuld verminder word in die omstandighede beoog in paragraaf 2(h) van die Sewende Bylae;
 - (d) aan 'n ander persoon waar daardie persoon en daardie ander persoon maatskappye is wat deel uitmaak van dieselfde groep van maatskappye soos omskryf in artikel 41, tensy, as deel van enige transaksie, handeling of skema aangegaan om enige belasting deur hierdie Wet opgelê, te vermy—
 - (i) daardie skuld (of enige skuld uitgereik ter vervanging van daardie skuld) regstreeks of onregstreeks verkry is van 'n persoon wat nie deel van daardie groep van maatskappye uitmaak nie; of
 - (ii) daardie maatskappy of daardie ander maatskappy deel van daardie groep van maatskappye word nadat daardie skuld (of

- of companies after that debt (or any debt issued in substitution for that debt) arose; or
- (e) that is a company, where—
- (i) that debt is reduced in the course, or in anticipation, of the liquidation, winding up, deregistration or final termination of the existence of that company; and
 - (ii) the person to whom the debt is owed is a connected person in relation to that company,
- to the extent that reduction amount in respect of that debt does not, at the time that the debt is reduced, exceed the amount of expenditure contemplated in paragraph 20 incurred in respect of that debt by the connected person: Provided that this subitem must not apply—
- (aa) if—
- (A) the debt was reduced as part of any transaction, operation or scheme entered into to avoid any tax imposed by this Act; and
 - (B) that company became a connected person in relation to the person to whom the debt is owed after the debt (or any debt issued in substitution of that debt) arose; or
- (bb) if that company—
- (A) has not, within 36 months of the date on which the debt is reduced or such further period as the Commissioner may allow, taken the steps contemplated in section 41(4) to liquidate, wind up, deregister or finally terminate its existence;
 - (B) has at any stage withdrawn any step taken to liquidate, wind up deregister or finally terminate its corporate existence; or
 - (C) does anything to invalidate any step contemplated in subparagraph (A), with the result that the company is or will not be liquidated, wound up, deregistered or finally terminate its existence.
- (7) Any tax which becomes payable as a result of the application of paragraph (bb) of the proviso to subparagraph (6)(e) must be recovered from the company and the connected person contemplated in that subparagraph who must be jointly and severally liable for that tax.”

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 January 2013 and applies in respect of years of assessment commencing on or after that date.

Amendment of paragraph 13 of Eighth Schedule to Act 58 of 1962, as amended by section 69 of Act 74 of 2002, section 57 of Act 32 of 2004, section 51 of Act 3 of 2008, section 76 of Act 60 of 2008 and section 68 of Act 17 of 2009

109. (1) Paragraph 13 of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

- (a) by the substitution in subparagraph (1) for item (f) of the following item:
- “(f) the decrease of a person’s interest in a [company,] trust or partnership as a result of a value shifting arrangement, is the date on which the value of that person’s interest decreases; or”; and
- (b) by the substitution in subparagraph (1)(g) for subitem (ii) of the following subitem:
- “(ii) paragraph 12(2)(f) [or 12(5)], is the date that that event occurs.”

(2) Paragraph (a) of subsection (1) comes into operation on 1 January 2014 and applies in respect of disposals made on or after that date.

(3) Paragraph (b) of subsection (1) comes into operation on 1 January 2013 and applies in respect of years of assessment commencing on or after that date.

- enige skuld uitgereik ter vervanging van daardie skuld) ontstaan het; of
- (e) wat 'n maatskappy is, waar—
- (i) daardie skuld verminder word in die loop van, of in afwagting op, die likwidering, deregistrasie of finale beëindiging van die bestaan van daardie maatskappy; en
 - (ii) die persoon waaraan die skuld verskuldig is 'n verbonde persoon met betrekking tot daardie maatskappy is, namate die verminderingsbedrag ten opsigte van daardie skuld nie, op die tydstip waarop die skuld verminder word, die bedrag oorskry van uitgawes beoog in paragraaf 20 aangegaan ten opsigte van daardie skuld deur die verbonde persoon: Met dien verstande dat hierdie subitem nie van toepassing is nie—
- (aa) indien—
- (A) die skuld verminder is as deel van enige transaksie, handeling of skema aangegaan om enige belasting deur hierdie Wet opgelê, te vermy; en
 - (B) daardie maatskappy 'n verbonde persoon met betrekking tot die persoon waaraan die skuld verskuldig is, geword het nadat die skuld (of enige skuld uitgereik ter vervanging van daardie skuld) ontstaan het; of
- (bb) indien daardie maatskappy—
- (A) nie binne 36 maande van die datum waarop die skuld verminder word of die verdere tydperk wat die Kommissaris toelaat, die stappe beoog in artikel 41(4) gedoen het om te likwideer, deregistreer of finaal sy bestaan te beëindig nie;
 - (B) op enige stadium enige stap geneem om te likwideer, deregistreer of finaal sy korporatiewe bestaan te beëindig; of
 - (C) enigiets doen om enige stap beoog in subparagraaf (A) ongeldig te maak, met die gevolg dat die maatskappy nie gelikwideer of gederegistreer is of sal word nie of sy bestaan finaal beëindig is of sal word nie.
- (7) Enige belasting wat betaalbaar word as gevolg van die toepassing van paragraaf (bb) van die voorbehoudsbepaling tot subparagraaf (6)(e) moet verhaal word van die maatskappy en die verbonde persoon beoog in daardie subparagraaf, wat gesamentlik en afsonderlik vir daardie belasting aanspreeklik is.”
- (2) Subartikel (1) tree op 1 Januarie 2013 in werking en is van toepassing ten opsigte van jare van aanslag wat op of na daardie datum begin.

Wysiging van paragraaf 13 van Agtste Bylae by Wet 58 van 1962, soos gewysig deur artikel 69 van Wet 74 van 2002, artikel 57 van Wet 32 van 2004, artikel 51 van Wet 3 van 2008, artikel 76 van Wet 60 van 2008 en artikel 68 van Wet 17 van 2009

109. (1) Paragraaf 13 van die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—
- (a) deur in subparagraaf (1) item (f) deur die volgende item te vervang:
“(f) die afname van 'n persoon se belang in die [maatskappy,] trust of vennootskap as gevolg van 'n waardeverskuiwingsreëling, is die datum waarop die waarde van daardie persoon se belang afneem; of”;
 - (b) deur in subparagraaf (1)(g) subitem (ii) deur die volgende subitem te vervang:
“(ii) paragraaf 12(2)(f) [of 12(5)], is die datum waarop daardie gebeurtenis plaasvind.”
- (2) Paragraaf (a) van subartikel (1) tree op 1 Januarie 2014 in werking en is van toepassing ten opsigte van beskikkings op of na daardie datum gemaak.
- (3) Paragraaf (b) van subartikel (1) tree op 1 Januarie 2013 in werking en is van toepassing ten opsigte van jare van aanslag wat op of na daardie datum begin.

Amendment of paragraph 19 of Eighth Schedule to Act 58 of 1962, as amended by section 94 of Act 45 of 2003, section 72 of Act 35 of 2007, section 69 of Act 17 of 2009 and section 109 of Act 24 of 2011

110. (1) Paragraph 19 of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution in subparagraph (1) for item (b) of the following item: 5

“(b) in circumstances other than those contemplated in item (a), that person must disregard so much of any capital loss resulting from the disposal (other than a disposal deemed to have taken place in terms of section 29B) as does not exceed any extraordinary exempt dividends.”.

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 29 February 2012 and applies in respect of disposals made on or after that date. 10

Amendment of paragraph 20 of Eighth Schedule to Act 58 of 1962, as amended by section 26 of Act 19 of 2001, section 75 of Act 60 of 2001, section 71 of Act 74 of 2002, section 95 of Act 45 of 2003, section 58 of Act 32 of 2004, section 68 of Act 31 of 2005, section 45 of Act 20 of 2006, section 60 of Act 8 of 2007, section 73 of Act 35 of 2007, section 52 of Act 3 of 2008, section 77 of Act 60 of 2008, section 95 of Act 7 of 2010 and section 110 of Act 24 of 2011 15

111. (1) Paragraph 20 of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

(a) by the substitution in subparagraph (3) for items (b) and (c) of the following items: 20

“(b) has for any reason been reduced or recovered or become recoverable from or has been paid by any other person (whether prior to or after the incurral of the expense to which it relates), to the extent **[which]** that such amount is not— 25

(i) taken into account as a recoupment in terms of section 8(4)(a) or paragraph (j) of the definition of ‘gross income’ **[of an amount contemplated in item (a)];**

(ii) reduced in terms of section 12P; or

(iii) applied to reduce an amount taken into account in respect of trading stock as contemplated in section 19; or 30

(c) is exempt from tax in terms of section **[10(1)(y) or (yA)] 10(1)(yA)** and is granted or paid for purposes of the acquisition of that asset[:].”; and

(b) by the deletion of the proviso to subparagraph (3). 35

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 January 2013 and applies in respect of years of assessment commencing on or after that date.

Amendment of paragraph 23 of Eighth Schedule to Act 58 of 1962, as inserted by section 38 of Act 5 of 2001 and amended by section 27 of Act 19 of 2001

112. (1) Paragraph 23 of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution in item (b) for subitem (ii) of the following subitem: 40

“(ii) who acquires a direct or indirect interest in the **[company,]** trust or partnership, is that proportion of the proceeds of disposal contemplated in paragraph 35(2) in respect of the value shifting arrangement which resulted in the acquisition of that interest.”. 45

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 January 2014 and applies in respect of disposals made on or after that date.

Amendment of paragraph 32 of Eighth Schedule to Act 58 of 1962, as inserted by section 38 of Act 5 of 2001 and amended by section 28 of Act 19 of 2001, section 84 of Act 60 of 2001, section 39 of Act 30 of 2002 and section 79 of Act 74 of 2002 50

113. (1) Paragraph 32 of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

(a) by the substitution in subparagraph (3) for the words preceding item (a) of the following words:

Wysiging van paragraaf 19 van Agtste Bylae by Wet 58 van 1962, soos gewysig deur artikel 94 van Wet 45 van 2003, artikel 72 van Wet 35 van 2007, artikel 69 van Wet 17 van 2009 en artikel 109 van Wet 24 van 2011

110. (1) Paragraaf 19 van die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur in subparagraaf (1) item (b) deur die volgende item te vervang: 5
“(b) in ander omstandighede as beoog in item (a), moet daardie persoon soveel van enige kapitaalverlies wat uit die beskikking (behalwe ’n beskikking geag ingevolge artikel 29B plaas te gevind het) voortvloei as wat nie enige buitengewone vrygestelde dividende.”.
- (2) Subartikel (1) word geag op 29 Februarie 2012 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van beskikkings op of na daardie datum gemaak. 10

Wysiging van paragraaf 20 van Agtste Bylae by Wet 58 van 1962, soos gewysig deur artikel 26 van Wet 19 van 2001, artikel 75 van Wet 60 van 2001, artikel 71 van Wet 74 van 2002, artikel 95 van Wet 45 van 2003, artikel 58 van Wet 32 van 2004, artikel 68 van Wet 31 van 2005, artikel 45 van Wet 20 van 2006, artikel 60 van Wet 8 van 2007, artikel 73 van Wet 35 van 2007, artikel 52 van Wet 3 van 2008, artikel 77 van Wet 60 van 2008, artikel 95 van Wet 7 van 2010 en artikel 110 van Wet 24 van 2011 15

111. (1) Paragraaf 20 van die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—
- (a) deur in subparagraaf (3) items (b) en (c) deur die volgende items te vervang: 20
“(b) wat vir enige rede verminder of verhaal is of verhaalbaar geword het van of wat betaal is deur enige ander persoon (hetsy voor of na die aangaan van die onkoste waarmee dit verband hou), tot die mate wat daardie bedrag nie—
(i) in berekening gebring is nie as ’n verhaling ingevolge artikel 8(4)(a) of paragraaf (j) van die omskrywing van ‘bruto inkomste’ [**van ’n bedrag in item (a) bedoel**]; 25
(ii) ingevolge artikel 12P verminder word nie; of
(iii) toegepas word nie om ’n bedrag wat ten opsigte van handelsvoorraad in berekening gebring word soos beoog in artikel 19 te verminder; of 30
(c) ingevolge artikel [**10(1)(y) of (yA)**] 10(1)(yA) van belasting vrygestel is en toegestaan of betaal is vir doeleindes van die verkryging van daardie bate[.];” en
(b) deur die voorbehoudsbepaling tot subparagraaf (3) te skrap. 35
- (2) Subartikel (1) tree op 1 Januarie 2013 in werking en is van toepassing ten opsigte van jare van aanslag wat op of na daardie datum begin.

Wysiging van paragraaf 23 van Agtste Bylae by Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 38 van Wet 5 van 2001 en gewysig deur artikel 27 van Wet 19 van 2001

112. (1) Paragraaf 23 van die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur in item (b) subitem (ii) deur die volgende subitem te vervang: 40
“(ii) wat ’n direkte of indirekte belang in die [**maatskappy,**] trust of vennootskap verkry, bepaal as daardie gedeelte van die opbrengs van die beskikking in paragraaf 35(2) beoog ten opsigte van die waardeverskuiwingsreëling wat die verkryging van daardie belang tot gevolg gehad het.”. 45
- (2) Subartikel (1) tree op 1 Januarie 2014 in werking en is van toepassing ten opsigte van beskikkings op of na daardie datum gemaak.

Wysiging van paragraaf 32 van Agtste Bylae by Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 38 van Wet 5 van 2001 en gewysig deur artikel 28 van Wet 19 van 2001, artikel 84 van Wet 60 van 2001, artikel 39 van Wet 30 van 2002 en artikel 79 van Wet 74 van 2002 50

